


'n Leierskapskrisis



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 6:1-4, hfst. 6:5-7, hfst. 6:8 en hfst. 6:9-13.

Geheeteks:

“In die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op ’n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het” (*Jesaja 6:1, OAB*).

Op ’n dag wou een van Confucius se dissipels weet wat die grondbeginsels van ’n goeie regering is. Waarop Confucius toe antwoord: “‘Genoeg kos, genoeg wapens en ook die vertroue van sy burgers.’ “‘Maar wat as jy noodgedwonge met een van die drie moes wegdoen,’ vra die dissipel, ‘watter een sal u prysgee?’ “ ‘Wapens,’ antwoord Confucius. “‘Sy dissipel was egter nie klaar nie, en vra toe: ‘Gestel u moes noodgedwonge weer een van die oorblywende twee prysgee. Watter een sou dit wees?’

“Confucius antwoord hom: ‘Kos. Die mensdom het reeds van ouds af met hongersnood te kampe, maar as die mense nie meer hul leiers kan vertrou nie, is ons inderdaad verlore” (Michael P. Green [Red.], 1500 *Illustrations for Biblical Preaching* [Grand Rapids, Michigan: Baker Books, 1989], bl. 215. Mense het inderdaad behoefte aan sterk en betroubare leiers. Let op die volgende verhaaltjie. Eendag gaan ’n soldaat wat reeds een termyn se diensplig agter die rug het, terug na die werwingskantoor om hom vir ’n tweede termyn in te skryf. Toe die beampte aan diens vra hoekom hy dit doen, antwoord hy: “Ek het vergeefs probeer om net ’n doodgewone burger te wees, maar niemand is in beheer daarbuite nie.” Vandeesweek val die soeklig op Juda se leierskapskrisis en die hartseer gevolge daarvan.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 9 Januarie.*

Die koning is dood. Lank lewe die koning!

Jesaja 6:1 noem dat koning Ussia te sterwe gekom het. Lees 2 Kronieke 26 en beantwoord dan die volgende vraag: wat sê sy dood vir die leser?

Bybelstudente huldig uiteenlopende sienings oor die dood van koning Ussia.

1. Ussia se regering was lank en voorspoedig, “maar toe hy eenmaal die mag het, het Ussia ingenome geword met homself, en dit was die begin van sy einde” (2 Kron. 26:16, NAB). Wat het gebeur? Die koning wou sommer self die wieroorkoffer op die wieroorkaltaar brand. Die priesters het egter reg opgetree deur hom te probeer keer omdat hy nie ’n afstammeling van Aäron en die priestersklas was nie (2 Kron. 26:18). Die koning was erg ontstoke. Toe Ussia nie op daardie teregwysing wou ag slaan nie, straf die Here hom net daar met melaatsheid, ’n siekte wat hy “tot die dag van sy dood” gehad het. Wat meer is, “hy het in ’n plek van afsondering gaan woon, melaats en verban uit die huis van die Here” (vers 21, NAB). Dit is nogal ironies – hier sterf ’n onrein persoon buite sy ampswoning en die tempel, in presies dieselfde jaar as wat Jesaja die reine en onsterflike Hemelkoning in sy hemelse ampswoning en tempel sien!

2. Let op die skrilte kontras tussen Ussia en Jesaja. Ussia strewe na heiligheid maar op ’n verwaande wyse. Sy beweegrede is verkeerd. Hy doen dit uit trots, en die teenoorgestelde gebeur: hy word seremonieel onrein met die gevolg dat hy van gewyde dinge afgesny word. Daarenteen laat Jesaja toe dat die heiligheid van God hom eers bereik. Die profeet verootmoedig hom voor die Here. Hy bely sy swakhede en smag na ’n rein lewe, wat hy ook dan ontvang (Jes. 6:5-7). Net soos die tollenaar in die gelykenis wat Jesus vertel het, is Jesaja daardie dag deur God regverdig gemaak: “want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word” (Luk. 18:14, OAB).

3. Besonder opvallend is die ooreenkomst tussen koning Ussia se fisiese melaatsheid en die volk se morele verval: “Van kop tot tone is daar nie een plek heel nie: dit is die ene kneusplekke, hale en rou wonde!” (Jes. 1:6, NAB).

4. Ussia het om en by 740 v.C. te sterwe gekom wat ’n reuse leierskapskrisis in Israel meegebring het. Die dood van enige alleenheerser maak daardie land besonder weerloos tydens ’n magsoorname. Juda was egter broser as by ’n gewone magsoorname omdat Tiglat-Pileser III net ’n paar jaar tevore die alleenheerser van Assirië geword het (in 745 v.C.) en laasgenoemde was oornag op die oorlogspad. Dit is dié oorlogvoerdery wat die Assiriërs in ’n wêreldmoondheid van ouds omskep het, en wat terselfdertyd die onafhanklike voortbestaan van alle ander nasies in die Ou Nabye Ooste bedreig het. Dit is in hierdie krisistyd dat God Jesaja bemoedig. Hoe doen die Here dit? Deur aan die profeet te wys dat Hy steeds in beheer is.

Lees aandagtig deur 2 Kronieke 26:16. In watter opsig kan enige gelowige op dieselfde wyse as Ussia ontaard? Hoe kan ons daardie slagvat vermy deur altyd kruis-gerig te leef?

“Heilig, heilig, heilig” (Jes. 6:1-4)

Let mooi op die dinge wat in die eerste vier verse van Jesaja 6 gebeur. Koning Ussia kom te sterwe te midde van politieke onrus (met die Assiriërs op die oorlogspad). Dalk het dit vrees by Jesaja ingeboesem, moontlik omdat hy gewonder het: wie is dan beheer? Wat gebeur toe? Jesaja ontvang ’n visioen. Hy aanskou die Allerhoogste in sy volle heerlikheid, sittende op sy hemelse troon. Die profeet sien die glimmende serafs (“dié wat soos vlamme brand”). Hy hoor hoe hulle mekaar toeroep: “Heilig, heilig, heilig” en voel hoe elke woord ’n aardtrilling deur die vloer stuur. Deur vlae rook heen sien Jesaja die res van die tempel. Wat ’n belewenis! Ai, om daardie dag in Jesaja se skoene te kon staan! Op daardie oomblik het Jesaja presies gewet wie in beheer is, ten spyte van die onrus en gewoel daar buite.

Waar is die Here ten tye van dié visioen? (Lees Jes. 6:1.) Waarom verskyn Hy nou juis op hierdie spesifieke plek aan Jesaja, en nie op ’n ander plek nie? Lees Eks. 25:8 en hfst. 40:34-38.

Esegiël, Daniël en die apostel Johannes was ontheemdes toe hulle hul visioene ontvang het (wat onderskeidelik in Esegiël 1, Daniël 7:9 en 10, en Openbaring 4 en 5 vermeld word). Net soos Jesaja benodig hulle buitengewone bemoediging en vertroosting, die boodskap dat God steeds in beheer was hoewel die wêreld om hulle besig was om in duie te stort. (Daniël en Esegiël was ballinge in ’n heidense land nadat hul eie mense byna uitgewis is; en die apostel Johannes was ’n balling op ’n verlate eilandjie nadat hy deur ’n wêreldmoonheid wat Christene vyandiggesind was, soontoe gestuur is.) Hierdie visioene het hulle die nodige versterking gegee om geestelik staande te bly, selfs te midde van ’n krisis. “Toe Jesaja die heerlikheid en majesteit van God aanskou, is hy skoon oorweldig. Skielik besef hy die allesoortreffende aard van die Here se reinheid en heiligheid. Hy sien die skrilte kontras tussen die unieke volmaaktheid van die Skepper-God, enersyds; en die sondige weë van diegene wat as die uitverkorenes van Israel en Juda beskou is, van wie hy self ook deel wees, andersyds!” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 307. Die bomenslike heiligheid van God, wat inderdaad ook in Jesaja se visioen onderstreep word, is ’n kernelement van die boodskap wat die profeet wil oordra. God is ’n heilige God en Hy verwag van sy kinders om ook heilig te wees. Hierdie heiligheid het egter ’n voorwaarde: hulle ontvang dit net as hulle hulle bekeer en van hul bouse weë afstand doen, en gelowig en met ’n gehoorsame gees ’n totale oorgawe aan Hom maak.

Ons almal was al op moedverloor se vlakke. Dink aan ’n keer toe jy jou in ’n situasie bevind het waarvoor daar oënskynlik geen oplossing was nie. Miskien het jy nie in daardie tyd die “magtige teenwoordigheid” van die Here in ’n visioen gesien soos Jesaja van ouds nie. Hoe het die Here jou nietemin geestelik (en ook in ander opsigte) staande gehou en deurgedra? Wat het jy uit daardie ervaring geleer waarvan jy vir ander kan vertel?

'n Nuwe karakter (*Jes. 6:5-7*)

In die tenttabernakel (en later in die tempel) kon slegs die hoëpriester in die teenwoordigheid van die Here in die Allerheiligste verskyn. Dit het slegs op die Versoendag gebeur en met 'n beskermende wierookgordyn tussen hom en die Here. Andersins sou hy sekerlik sterwe (*Lev. 16:2, 12, 13*). Tog het Jesaja die Here gesien, ten spyte van die feit dat hy nie die hoëpriester was nie en ook nie enige wierook gebrand het nie! In Jesaja se visioen het rook wel die tempel gevul (*Jes. 6:4*), wat 'n mens laat dink aan die wierook waarin God se heerlikheid met sy verskyning op die Versoendag gehul was (*Lev. 16:2*). Die profeet was so verskrik dat hy gemeen het: vandag is dit klaarpraat met my! (*Vgl. Eks. 33:20 en Rig. 6:22 en 23*.) So roep hy dan diepbewoë uit, en bely voor God dat hy en sy volk sondig is (*Jes. 6:5*), wat 'n mens aan die hoëpriester se belydenis op die Versoendag laat dink (*Lev. 16:21*). “Terwyl Jesaja in niks minder as die volle lig van God se teenwoordigheid staan – dieselfde teenwoordigheid wat [slegs] in die Allerheiligste deel van die tempel verskyn het – besef hy: as ek dinge op my eie moet doen, met al my onvolmaaktheid en [menslike] onvermoë, sal ek glad nie die sending kan uitvoer waartoe God my [sopas] geroep het nie!” (*Ellen G. White, Prophets and Kings, bl. 308*). Die seraf verduidelik aan Jesaja wat die gloeiende kool teen sy lippe beteken: dat sy sonde en sondelas sodoende verwyder is (*vers 7*). Jesaja se spesifieke sonde word nie genoem nie. Tog was dit nie noodwendig 'n sonde wat met spraak en die spraakorgane te doen gehad het nie. Neem in ag dat lippe (of die mond) nie net oor 'n mens se praatjies gaan nie, maar ook op die spreker as persoon – oor sy/haar hele menswees – gaan. Eers na hierdie seremoniële reiniging was die profeet in staat om met 'n rein hart lof aan God te bring. Vuur het 'n suiwerende uitwerking aangesien dit alle onsuiverhede wegbrand (*lees Num. 31:23*). Die seraf se gloeiende kool kom egter van 'n spesiale soort vuur. Dit is heilig en kom van die hemelse altaar, 'n altaar wat deur God Self aangesteek is en wat voortdurend aan die brand gehou word (*Lev. 6:12*). So, die seraf het Jesaja beide rein en heilig gemaak. Die verband tussen die offerstelsel en Jesaja se visioen eindig egter nie net daar nie. Tydens die tabernakel-/tempeldiens is gloeiende kole hoofsaaklik uit die altaar geneem om die wierook mee aan te steek. 'n Mens sien dit in Levitikus 16 vers 12 en 13, waar Aäron – d.w.s. die hoëpriester – aangesê is om 'n vuurpan vol gloeiende kole van die altaar te neem en dit vir die aansteek van die wierook te gebruik. In Jesaja 6 word die gloeiende kool van die altaar geneem en teen die profeet se lippe gehou, en nie by die fyngeaalde wierook gevoeg nie. Ussia het probeer om self 'n wierookoffer voor die Here bring, terwyl Jesaja in 'n simboliese sin die wierook geword het! So, heilige vuur is gebruik om die wierook aan te steek sodat die huis van die Here met 'n lieflike reuk geheilig kon word. Insgelyks is Jesaja ook figuurlik gesproke “vuur en vlam” omdat hy deur God aangesteek en heilig gemaak is. Dit is dus geensins verrassend dat die profeet in die daaropvolgende paar verse van hoofstuk 6 (*vers 8 en daarna*) na die volk toe uitgestuur word nie.

Lees biddend deur Jesaja 6:5 wat die profeet se reaksie op die visioen toon. Hoe onderstreep dit die basiese probleem van die mensdom – naamlik dat ons ons as sondige wesens in 'n heeal bevind wat deur 'n allerheilige God geskape is, 'n God wat deur hemelwesens “heilig, heilig, heilig” genoem word? (*Jes. 6:3, NAB/OAB*). Waarom is die gekruisigde Christus die enigste oplossing vir hierdie probleem?

Koninklike opdrag (*Jes. 6:8*)

“Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my” (*Jes. 6:8, OAB*). Na sy reiniging reageer Jesaja onmiddellik op God se roepstem. Hy sal uitgaan na die volk en as God se profeet optree. Om nou Nuwe-Testamentiese taal hier te gebruik, hy sou ’n apostel – m.a.w. – ‘een wat gestuur is’ wees. Interessant genoeg begin die boek Jesaja nie soos ander profetiese boeke nie, want Jesaja lei nie sy profesie in met ’n beskrywing van sy roeping nie (*vgl. Jer. 1:4-10, Esegïël 1-3*). Met ander woorde, hy was reeds besig met sy profetiese sending, selfs voor die gebeure wat in hoofstuk 6 beskryf word. Hier toon die Skrif dat ’n Goddelike openbaring nie net uitsluitlik die begin van ’n profetiese bediening aandui nie, maar dat dit ook ’n vorm van aanmoediging vir ’n dienende profeet kan wees (*Moses: Eksodus 34; Elia: 1 Konings 19*). In teenstelling met ander bybelfigure wat as profete geroep is, merk ’n mens ’n verdere verskil by Jesaja: in hoofstuk 6 bied hy vrywillig aan om as profeet op te tree. Dit wil voorkom of hoofstukke 1 tot 5 ’n soort oorsig is, van die omstandighede in aanloop tot Jesaja se daadwerklike sending. Dit is eers na hierdie oorsig dat Jesaja se bediening sy vonk van Bo kry en vlam vat, ’n vonk in die vorm die bemoedigende tempelvisioen en ’n herbevestiging van sy sending as woordvoerder van God.

Die Here bemoedig Jesaja in die tempel. Het ons elders in die Skrif enige bewyse dat die huis van die Here ’n plek van vertroosting en bemoediging is? Psalm 73 (*let veral op vers 17*), Heb. 4:14-16 en hfst. 10:19-23, ook Openbaring 5. Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ons?

Die huis van die Here klop behoorlik van sy ongelooflike mag en krag. Tog is dit ook ’n plek waar swak en fouterende mense – m.a.w. waar elke gelowige – skuiling by God kan vind. Daar ontvang ons die geloofsekerheid dat God deur Christus – ons Hoëpriester – besig is om ons redding en ewige heil te bewerk. In een van sy visioene op Patmos het die apostel Johannes vir Christus in die vorm van ’n geslagte offerlam gesien, m.a.w. as ’n lam wat keel afgesny is (*Op. 5:6*). Dit is nogal ’n weersinwekkende beeld. Dit bring nietemin ’n belangrik punt tuis: dat Christus selfs na sy opstanding en hemelvaart steeds die kruisgebeurtenis met Hom saamdra, en dat Hy dit boonop voortdurend doen. Hy word steeds verhef sodat alle oë op Hom gevestig kan wees. Ons gekruisigde Heer is dus die altaar van ons gebede.

Het jy al bemoediging en vertroosting uit God se hemelse woning geput, deur jou gedagtes opwaarts te rig en gelowig daar te bid? Hebreërs 4:16 is ’n uitnodiging om die troonkamer van God met vrymoedigheid te betree. “Hy sal aan ons sy ontferming en genade bewys sodat ons op die regte tyd gehelp sal word” (NLV). Gestel iemand vra hoe jy al in tye van nood God se genade ervaar het. Hoe sal jy hom/haar antwoord?

'n Afgryslike pleidooi (*Jes. 6:9-13*)

Waarom het God met die tweede uitstuur van Jesaja vir hom so 'n eenaardige boodskap gegee (*Jes. 6:9 en 10*)?

Miskien dink jy: Jesaja het seker maar verkeerd gehoor of miskien is hierdie spesifieke boodskap van minder belang. Tog is dit nie die geval nie. Om die waarheid te sê, tydens Jesus se aardse sending haal Hy juis uit hierdie skrifgedeelte aan, om te verduidelik waarom Hy die mense m.b.v. gelykenisse leer (*Matt. 13:13-15*). Die Here wil nie hê dat enigeen verlore gaan nie (*2 Pet. 3:9*). Dit verklaar hoekom Jesaja destyds na die mense van Juda gestuur is, en waarom Jesus heelwat later aarde toe gestuur is. Die Here begeer ons ewige redding, en nie ons uitwissing nie. Ten spyte van die feit dat sommige mense positief op God se pleidooie reageer, is daar ongelukkig dié wat in antwoord op die roepstem van God nog meer teëstand bied. Nietemin bly die Here pleit by hulle, sodat hulle menigte geleenthede vir bekering kan hê. Ongelukkig verhard hul al meer hul harte, namate die weerstand toeneem. In 'n sekere sin lei hierdie aanhoudende pleidooie tot die verharding van hul harte, ten spyte van die feit dat God eintlik ten doel het om net mooi die teenoorgestelde – naamlik 'n versagting – mee te bring. God se liefde vir die mens is onveranderlik. Die deurslaggewende veranderlike hier is egter die individu se respons op daardie liefde. Die rol van geestelike leiers in Bybelse tye – wat as't ware destyds as predikante opgetree het – (d.w.s. van mense soos Moses, Jesaja, Jeremia, Esegïël of selfs Christus) – was om daardie pleidooie deurgaans oor te dra aan die mense, selfs al verwerp hulle die boodskap wat gebring word. Let op God se woorde aan Esegïël: “Jy moet met hulle praat, of hulle nou luister en of hulle nie luister nie. Want onthou, hulle is 'n klomp rebelle wat heeltyd teen My in opstand is” (*hfst. 2:5, DB*). Die taak wat God en sy dienaars het, is om elkeen 'n billike kans te gee om sêlf te kies, sodat hulle vroegtydig die waarskuwing ontvang (*vgl. Eseg. 3:16-21*); selfs al kies party van hulle uiteindelik uitwissing en ballingskap (*Jes. 6:11-13*).

Die Bybel sê dat God Farao se hart verhard het. Hoe moet 'n mens God se optrede hier verstaan, veral in die lig van die insigte wat ons sopas hierbo gekry het?

In Eksodus 4:21 sê die Here: “Maar Ék sal sy hart verhard” (*OAB*). Dit is die eerste van altesaam nege kere dat God dit sê. Tog was daar ook nege kere wat Farao sy eie hart verhard het (*let byv. op Eks. 8:15 en 32, asook hfst. 9:34*). Duidelik het Farao oor wilsvryheid beskik, anders sou hy nie sy eie hart kon verhard nie. Die feit dat God ook die farao se hart verhard het, dui daarop dat God die omstandighede geskep het waarop Farao toe negatief gereageer het. Die farao het egter besluit om so te reageer, 'n besluit wat op die verwerping van Godgegewe wondertekens neergekom het. As Farao egter 'n ontvanklike gees gehad het, sou die wondertekens sy hart versag, en nie verhard het nie.

Vir verdere studie:

“Sondige praktyke was destyds ’n algemene verskynsel, en boonop onder mense van alle klasse. Dit was so erg dat die handjiewol wat aan God getrou gebly het dikwels teen moedeloosheid en wanhoop moes stry. Dit wou voorkom of God se doel met Israel op die punt was om te misluk, dat die rebelse Judeërs nou byna dieselfde lot as Sodom en Gomorra in die gesig gestaar het. “Te midde van sulke omstandighede is dit geensins verbasend dat Jesaja in daardie tyd – d.w.s. in die laaste jaar van Ussia se regering, toe die profeet geroep is om God se waarskuwings en tereg wysings aan die volk te bring – aanvanklik nie te gretig was om daardie plig te aanvaar nie. Jesaja het maar al te goed geweet wat hom sou inwag: ’n weerstandige en hardkoppige volk. Vir Jesaja was dit ’n haas onbegonne taak; en die wederstrewigheid en ongeloof van die mense wat hy sou bedien, het hom onder gekry. So kom hy dan voor sy eie onvermoë te staan, met die gevolg dat sy sending vir hom na ’n hopelose saak lyk. Moet hy nie liewers boedel oorgee en Juda aan hul afgodery oorlaat nie? [Maar ’n ander vraag het ook in sy binneste gemaak:] moet ’n mens toelaat dat die afgode van Nineve gedy, sodat hulle die lewende God kan uitart?” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 306 en 307).

Vrae vir bespreking:

1. Gestel ’n skeptikus of ’n ateïs daag jou uit en vra: “Bewys vir my dat jou God in beheer is?” Hoe sal jy daardie vraag beantwoord?
2. Waarom ly onskuldige mense as God dan in beheer is? Wat beteken Jesaja 1:19 en 20 dan? Dat, in die teenswoordige wêreld, slegs goeie dinge veronderstel is om met God se kinders te gebeur; en net so, dat slegte dinge net veronderstel is om met onboetvaardige sondears te gebeur? Vgl. Job 1 en 2, Psalms 37 en 73. Kyk net na al die slegte dinge wat met mense gebeur. Hoe ’n versoen ’n mens dit met die karakter van God soos ons Hom verstaan (naamlik dat Hy in sy aard en wese ’n liefdevolle God is)? Het ons nodig om die twee met mekaar te versoen?
3. Waarom toon Jesaja 6 so baie ooreenkomste met die jaarlikse Versoendag van die destydse offerstelsel? Let veral op die feit dat daardie dag ’n soort jaarlikse oordeelsdag was, waarop die Here sy getroue kinders van sonde (*Lev. 16:30*) en ook van die ontroues gereinig het (*Lev. 23:29, 30*).

Opsomming: In ’n tyd van groot onsekerheid, toe die swaakheid van menslike leierskap pynlik sigbaar geword het, ontvang Jesaja ’n aangrypende visioen – hy aanskou die Hoofleier van die heelal. ’n Doodse vrees oorval hom vanweë sy ontoereiktheid voor God. Tog word hy terselfdertyd bemagtig deur die Here se genade. So is Jesaja dan gereed om as ’n verteenwoordiger van die Allerhoogste uit te gaan na ’n gemeenskap wat sy boodskap vyandiggesind is.